## VEILIGE MULTIMODALE VERVOER VAN GEVAARLIKE GOEDERE

# PUBLIEK NEEM KENNIS

*Bly weg van hierdie af as enige ongeluk, voorval of storting op die pad plaasvind!*

---

**WEET JY** wat die volgende **GEVAARWAARSKUWINGS BETEKEN?**

## GEVAARKLASSE




**KLAS 1** — **PLOFSTOWWE**

Kan ontplof en lei tot skade aan eiendom, ernstige beserings en selfs sterftes.






**KLAS 2** — **GASSE**

2.1 Vlambaar
2.2 Nievlambaar en niegiftig
2.3 Giftig

Bly weg van items met hierdie waarskuwings: Rooies kan ontplof as gevolg van vlambaarheid en wittes kan dodelik wees as dit ingeasem word. Silinders wat nie korrek hanteer word nie is 'n voorbeeld.






**KLAS 3** — **VLAMBARE VLOEISTOWWE**

Geneig om aan die brand te slaan en moontlik te ontplof.







**KLAS 4** — **VLAMBARE VASTE STOWWE**

4.1 Vlambare vaste stowwe
4.2 In staat tot selfontbranding
4.3 Gee vlambare gas af wanneer dit met water in aanraking kom

MOENIE water gebruik om 'n storting skoon te maak of 'n brand te bestry nie!







**KLAS 5**

5.1 **OKSIDEERDERS**
5.2 **ORGANIESE PEROKSIEDE**

Om van hierdie stowwe met ander chemikalieë te meng kan brande en ontploffings tot gevolg hê. Temperatuurreëling is uiters belangrik vir veiligheid in Klas 5.2.






**KLAS 6**

6.1 **GIFTIG**
6.2 **BESMETLIK**

GEVAARLIK VIR GESONDHEID:


Kan ernstige gesondheidsgevaar en selfs dood veroorsaak.






**KLAS 7** — **RADIOAKTIEF**

Kan ernstige gesondheidsgevaar en selfs dood veroorsaak.







**KLAS 8** — **BYTSTOF**

Kan ernstige brandwonde aan die vel en skade aan die oë veroorsaak.







**KLAS 9**

**DIVERSE GEVAARLIKE GOEDERE, OOK LITIUMBATTERYE**

Diverse, wees versigtig met litiumbatterye; voorkom dat dit oorlaai word of oorverhit omdat dit kan ontplof. Moet nooit van gebruikte batterye ontslae raak deur dit in 'n vuur te sit nie.





**OMGEWINGSGEVARE EN SEEBESOEDELSTOF**

Hierdie besoedelende stowwe moet vermy word omdat dit ook vir mense giftig kan wees.



transport
Department:
Transport
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DGSC-TG
Dangerous Goods Supply Chain Task Group

RPMASA